

'n Onvergeetlike Sodwana vakansie

Sonbrand, sokkies en kampvuurstories. Vir die 24ste opeenvolgende jaar neem meneer Ters en juffrou Bertina Janse van Rensburg weer die graad 11 leerders van Hoërskool Heilbron op 'n onvergeetlike 5-dag Sodwana vakansie. Dit was son, sand en see met 'n bietjie reën. Hulle besoek die haaien duik-museum om tyd om te kry, daar het hulle later 'n "jackpot" geslaan met 50% afslag op klere. Op Sodwana is die pynappels 'n maaltyd op sy eie en kinders was al rou geëet daaraan. Die klas het mekaar beter leer ken en geleer hoe om saam te werk en as een te funksioneer. Daar het natuurlik dinge gebeur waarvoor hulle nog vir jare sal lag en onthou. Sodwana was vir hulle werklik die lekkerste vakansie en sal nog vir lank gekoester word.



Skool reünie - 19 Oktober

Die komitee van JC Class 1977 (Junior Sertifikaat) nooi elke leerling uit wat in hierdie jaar by Phiritona Sekondêre Skool klaar gemaak het om deel te wees van 'n reünie. Hulle het 42 jaar terug hulle skoolloopbaan voltooi en het besluit om op 19 Oktober 2019 'n feesviering te hou. Alhoewel baie van die leerlinge wyle en gestremd is, word die reünie gehou om te onderhandel oor die toekoms in terme van kriminele oortredings, mishandeling en straat boewery.

Die koördineerders vra met eerlikheid en respek vir ondersteuning en hulp en moontlike borge om hierdie reünie te kan hanteer. Kontak vir Ben Poho by 072 337 5678 of 078 640 4075 of Thoko Kumalo by 073 220 1398 vir meer inligting.



Bank besonderhede:
Ref: JC Students
Class of 1977
Rekeningnommer: 798703911
Standard Bank

Verteenwoordig Somer Bokkieweek



Handré Britz, Tiaan Britz en Wynand du Plessis het deelgeneem aan die somer bokkieweek 7's vanaf die 24ste tot die 28ste September 2019 in Vereeniging. Hulle het vir die Transvaal streek deel geneem 0/14.

Uitsonderlike prestasie behaal

Danek Meyer, 'n graad 7-leerder van die JA Malherbe Primêre Skool Petrus Steyn het onlangs 'n uitsonderlike prestasie in Wiskunde behaal. Hy is verkies om aan die uitdunrondes van die Wiskunde Nautilus-uitdaging deel te neem vir die verkiesing van die Vrystaat-Noordkaapspan.

Wat hierdie prestasie uitsonderlik maak is dat Danek in graad 7 is en met hoofsaaklik graad 8 en 9 leerders moes kompeteer. Nogtans behaal hy die B-span.

Op 7 September het hierdie Wiskundespanne aan die ASSA SA Wiskunde-spankompetisies deelgeneem. Nege-en-sewentig spanne word ingeskryf by die Junior-afdeling. Die Vrystaat-Noordkaap B-span, waarvan Danek lid was, het 16de geëindig by hierdie nasionale kompetisie.



KOM WYS JY IS TROTS

EGTE SPRINGBOK WERELDBEKER T-HEMDE R199

BESTEL NOU GROEN (S - 5XL)
VOORRAAD IS BESKIKBAAR BY

Heilbron
Herald